Hoërskool Marais Viljoen

STIGTINGSDATUM: 11 SEPTEMBER 1961
LEUSE: SCIENTIA EST VIRES
(KENNIS IS MAG)
ADRES: H/V BODMINWEG & CRADOCK-STRAAT, ALBERANTE, ALBERTON
WWW.MARAISVILJOEN.CO.ZA

Skoolgeskiedenis

Alberton, 'n industriële dorp, is sowat 20 km suid van Johannesburg geleë en is in 1939 tot munisipaliteit verklaar. Die dorp is betreklik jonk en het in 'n sekere sin begin toe ene Jan Meyer elf hektare by sy stiefpa gekoop het vir die plaas Elandsfontein. Meyer was toe maar dertien, maar hy het vooruit geboer.

Ná Jan se dood het sy broer Org 'n deel van die plaas verkoop aan genl. Alberts, 'n generaal in die Boere-oorlog. Alberts het die plaas in erwe verdeel. Hy het ook die naam verander, maar volgehou dat Alberton nie na hom genoem is nie, maar na die familie Meyer wat van Prins Albert af kom. Indirek is Alberton dus vernoem na Prins Albert, Koningin Victoria se man.

Hoërskool Marais Viljoen High School – soos blyk uit die naam 'n paralelmediumskool – is 'n betreklike jong skool. Die skool is in 1961 gestig. Tot einde 2003 het die skool nog net drie hoofde gehad – Piet Myburgh, Phillip Fouché en Hannes le Roux. In 2004 is Martie Heystek as waarnemende hoof aangestel en in 2005 is haar hoofskap bekragtig.

Die skool is genoem na Marais Viljoen, destydse LV vir Alberton, en latere Staatspresident. Dit was aanvanklik 'n tegniese en handelskool – Marais Viljoen Hoër Tegniese en Handelskool. Die handelsy is laat vaar en die akademiese sy verbreed. Sedert 1995 is die naam verander in Hoërskool Marais Viljoen High School, wat gevoed word uit laerskole in Alberton en die suidelike voorstede van Johannesburg.

Rugby op Marais Viljoen

In 1991 het Marais Viljoen sy eerste groot trofee gewen – die Direkteurstrofee in die toentertydse Transvaal. In 2004 het die skool sy tweede groot trofee gewen toe hy EG Jansen van Boksburg in die Finaal van die Super-16 vir Groot Skole geklop het. Marias Viljoen het ook ses Cravenweek spelers gehad, die meeste nog vir die skool. Onderweg na die finaal het hulle afgereken met Waterkloof van Pretoria en Monument van Krugersdorp. Maar dan het sy ouderdomsgroepe nog altyd presteer: die o-14's, o-15's en o-16's het die finaal van die Beeld-kompetisie bereik, met respektiewelike nederlae teen Affies, E.G. Jansen en Affies. Daarbenewens was 1996 ook 'n geslaagde jaar toe hul o-16's tweede was in Transvaal, en die o-19's hul liga vier keer gewen het.

Marais Viljoen het teen top-skole in die destydse Transvaal meegeding – onder andere Monument, Nelspruit, Florida, Klerksdorp, E.G. Jansen, HTS Middelburg en Waterkloof.

Marais Viljoen het ook Pase-kompetisies bygewoon en in Maart 2004 na Argentinië getoer. Drie lede van daardie span – wat pas 21 geword het – het in 2007 provinsiale rugby gespeel. Hulle is Marco Kotzé en Derick Minnie (vir die Leeus) en Frikkie de Jager (vir die Pumas).

Die skool het negentien spanne en en 'n grootse breier – Oupa van der Merwe, op sy dag stut vir Transvaal en pa van Springbok Heinke van der Merwe. Oupa het voorheen by die Hoërskool Bekker in die Magaliesberg afgerig. Oupa van der Merwe het onlangs vir die vyand – Monument – gaan afrig. Werner Janse van Rensburg en Andrew Nel is die huidige breiers.

Twee Marais Viljoen-spelers het vir SA Skole uitgedraf – Ian de Ru in 1989 en Piet van Westling in 1992.

Marais se belangrikste opponent is Monument van Krugersdorp. Die skole bots jaarliks, gewoonlik begin Junie.